PRIVAATSKOOL MORIA

☎ **Tel** : (00264) -67 313 051 🖷 **Faks** : 067 313 023
Posbus 408, Outjo, Namibië, 9000 **Web** : www.privaatskool-moria.com
@ E-pos : admin@psmoria.com

15 Julie 2020

Geagte ouers en kinders van Moria

Neem asseblief kennis van die volgende belangrike sake:

- Vrydag, 17 Julie 2020 **sluit die skool** om **13:00.**

- Die **skool begin** weer Maandag, 3 Augustus 2020 vir die derde termyn.
  Ons werk dan weer op somertyd - dus begin die skool om **07:00** en kom **13:00** uit.

- Volgens die huidige **infaseringsdatums** van die regering sal alle grade op 03 Augustus 2020 begin met direkte klasse. Indien hierdie reëlings van die regering sou verander, sal ons dit vir u deurgee. Hiermee wil ek `n beroep doen dat daar baie valse boodskappe versprei word - wag asseblief dat ons van die skool se kant af op die Moria se "Broadcast Whats App-groep" vir u inligting deurgee indien daar veranderings is.

- Dit is belangrik dat die kinders volgende termyn, elke oggend, **vroeg by die skool aanmeld**, aangesien alle leerlinge se temperature gemeet moet word en hande moet gewas / gespuit word voor hulle by die hekke ingaan.

- Die **koshuis** sal Sondag, 02 Augustus vanaf 15:00 oop wees vir koshuiskinders.

- Augustus is nog winter, dus moet leerlinge **wintersdrag** aantrek. Ons sal vanaf September verander na somersdrag.

- As voorsorg vir Covid-19 moet ons weet of u kind een van die volgende **mediese toestande** het. U moet die skool voor 03 Augustus 2020 per e-pos in kennis stel.

  - Diabetes
  - Asemhalingsprobleme soos asma
  - Hoë bloeddruk en hartsiektes.
  - Kanker of ander lae immuunverwante siektes

- Dit is verpligtend dat elke leerling daagliks die volgende **toebehore** moet saambring skool toe:

  - Persoonlike ontsmettingsmiddel ("hand sanitizer")
  - Eie snesies of "wet wipes"
  - Eie masker of "buff"

- Leerlinge in graad 5 tot 9 sal die eerste dag van die derde termyn **opleiding** ontvang oor die reëls en regulasies in ons veldtog teen die Korona-virus.

- Indien daar iemand is wat **klere** wil koop - onthou u kan klere slegs op Maandae en Vrydae, 8:00 tot 12:30 koop.

- Maak seker dat u die nuwe program vir die derde termyn gekry het (Dit is op 30 Junie per e-pos uitgestuur). Daar is wel een datum wat verander het nadat die program uitgestuur is. **Die sportdae van 15 Augustus (Outjo) en 22 Augustus (WAP) het omgeruil. Moria se sportdag is nou op Saterdag, 22 Augustus (Outjo) en Saterdag, 15 Augustus by WAP (Windhoek).**

- Die een fondsinsamelingsprojek wat nie a.g.v. Covid-19 afgestel is nie is die **vrugtekoek-projek**. Dit is die 25ste jaar dat Moria se ouers hierdie projek doen en ons is geseënd om hierdie jaar `n rekord aantal bestellings te kon kry, dus moet ons nog twee dae langer bak as vorige jare. Die datums van die projek het ook verander. Dit begin 24 Augustus 2020 en sluit af op 17 September 2020. **Ons wil `n beroep doen op ons ouers om regtig in te spring en te help by hierdie projek. Elke leerling van Moria vanaf grade 7 tot 11 is verplig om een middag van 16:00 tot 17:00 te werk by hierdie projek.** Kontak asseblief vir Renee de Jager (0812705348) en Magdel Pretorius (0811290679) vir verdere navrae.

Geniet die twee weke vakansie wat voorlê. Ons kan nie wag om weer volgende termyn al die kinders by Moria te sien nie. Spesiale seënwense vir ons matrieks wat Maandag, 03 Augustus met eksamen begin.

L. GROBLER
SKOOLHOOF